

Grootse poging om vrugtevlieë langs Oranjerivier hok te slaan

Die landbougebied langs die Oranjerivier is onlangs deur 'n kombens van organiese bekampingsmaatreëls bedek in 'n gebiedswye stap om vrugtevlieë te bekamp. Hoewel die tafeldruifbedryf al geruime tyd lugbespating doen, was die gebiedswye bespuiting 'n eerste vir die streek se droog- en wyndruifboere.

KORTOM

- Die grootste gebiedswye geïntegreerde plaagbestrydingsprojek teen vrugtevlieë het vanjaar in die Benede-Oranjerivierstreek plaasgevind. Bykans 53 000 ha se droog-, tafel- en wyndruif is met 'n organiese aanvaarbare middel gespuit.
- Monitering vind op 'n weeklikse grondslag oor 'n gebied van bykans 350 km plaas. Sodra grafieke toon die vrugtevlieggetalle styg, word daar toegeslaan. Kleiner bevolkings kan makliker bestry word.
- Dit hou regstreekse voordele in, soos minder vrugskade en chemiese bekampings, asook onregstreekse voordele, soos toegang tot uitsoekmarkte.

Soggens hier van 03:30 se kant af is middels gemeng, pompe nagegaan en helikopters volgemaak. Skuins ná 05:00 was vlieëners gereed om op te styg om vernietigende vrugtevlieë te gaan beveg in die grootste behandelingsprojek in sy soort in Afrika.

Gebiedswye geïntegreerde plaagbestrydingsprogramme word wêreldwyd aanvaar as 'n doeltreffende en billike manier om plaë, soos die vernietigende Mediterreense vrugtevlieg (*Ceratitis capitata*), te bekamp.

Die tafeldruifbedryf het in die 2012-'13-produksiejaar die eerste keer lugbespattings oor 2 646 ha in die Noord-Kaap onderneem.



LIGGING
Upington,
Noord-Kaap

Dit het intussen gegroei tot sowat 17 495 ha en die bedryf het oudergewoonte in November en Desember vier lugbespattings gedoen.

In Januarie vanjaar kon die gebied se rosyntjieboere hul le vir die eerste keer nadoen met twee bespattings, gefinansier deur 'n nuwe bedryfsheffing.

Wat dit meer besonders maak, is dat Raisins SA en FruitFly Africa danksy 'n skenking deur die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling ook die gebied se wyndruifboere kon bespat. **Altesaam 53 000 ha druiwe is gevolglik in die Benede-Oranje bespat – heelwat meer as Tzaneen se 45 000 ha, die Hexrivier se 40 500 ha en Kirkwood se 39 000 ha.**

“Ons wil graag ons bedryf bemark as 'n

LINKS: Sowat 53 000 ha wingerd, waarvan die meeste droogdruive, is vanjaar met GF-120 behandel danksy 'n gebiedsweye bestrydingsprojek teen vrugtevlieë. FOTO'S: VERSKAF



Vlieëners moet aan spesiale maatreëls voldoen om lugbespuiting vir die landboubedryf te doen. Teen die Oranjerivier word die werk op 'n tendergrondslag aan maatskappye toegeken.



Een van die lokvalle waarmee vrugtevliegtellings gemeet word. Hulle gebruik deesdae ook Keyface-tegnologie om tellings outomaties op te laai.



Die rosyntjiebedryf gaan weekliks 210 lokvalle na om vrugtevliegtellings te monitor. Dit strek van die gebied tussen Groblershoop en Augrabies – sowat 350 km al langs die rivier af.

gebiedsweye bestuursgebied waar ons vrugtevlieë vasvat en vroegtydig optree. Die idee is selfs om 'n bord op te rig waar jy die gebied binnery om mense in te lig oor ons gebiedsweye strategie,” sê mnr. Stefan Jordaan, tegniese bestuurder by Raisins SA, wat saam met ander die afgelope drie jaar verantwoordelik was om meer as 700 droogdruifboere oor 14 000 ha te oortuig van die waarde van só 'n inisiatief.

EKONOMIESE VERLIESE

Die Mediterreense vrugtevlieë, 'n fitosanitêre plaag, rig groot skade aan druiwe en wingerde aan en hou ook 'n bedreiging vir marktoegang in. Die data oor die rosyntjiebedryf se verliese is nog in beginfase.

Mnr. Ferdie Botha, hoofbestuurder van Raisins SA, meen teen 'n beraamde produksieskade van 0,5%, oftewel 400 ton op 'n totale oes van 80 000 ton, beloop die verlies by plaashekke sowat R6,4 miljoen (teen 'n rosyntjieprys van gemiddeld R16 per kg). **Teen 5% produksieverliese is rosyntjieverpakkings en boere bykans R107 miljoen aan inkomste kwyt. Studies het getoon dít is die punt waar die koste van vier lugbespattings gelyk sal wees aan die ekonomiese skade.** As hoër produksieverliese met vier lugbespattings voorkom word, geniet die bedryf 'n groot ekonomiese voordeel.

“Deur slegs 1% se verdere produksieverliese te voorkom, kan ekonomiese skade van R21,3 miljoen teen dieselfde prys gekeer word,” sê Botha.

“Die moeilikheid met vrugtevlieë is dat daar dikwels ook sekondêre skade plaasvind. Die vrugtevlieë maak 'n wond op die druiwe, maar op sekondêre vlak kan ander swamsiektes die vrugte beïnvloed. As ons

byvoorbeeld *Bactocera dorsalis* opmerk, is die gebied dadelik in kwarantyn, ongeag of dit op droog-, wyn- of tafeldruive gevind is. Vanuit 'n bemarkingsoogpunt is dit dus 'n groot, groot probleem. Jy kan amper nie eers 'n waarde daaraan koppel nie.”

FruitFly Africa is destyds deur die sagtevrugte-, tafeldruif-, inmaakvrugte- en droogdruivebedryf op die been gebring om vrugtevlieëbevolkings op 'n gebiedsweye grondslag te beheer en te bekamp.

GEREELDE MONITERING

Mnr. Wiebe Obbes, koördineerder van FruitFly Africa se kantoor in die Benede-Oranje, sê hulle hou die vrugtevliegtellings by tafel- en droogdruive dwarsdeur die jaar dop. Vir die rosyntjieprojek word ongeveer 210 lokvalle tussen Groblershoop en Augrabies weekliks deur vyf kontroleurs nagegaan.

'n Vrugtevlieëwyfie kan binne ses maande 'n aanwas van 22 miljoen hê.

“Boere meen as hulle net 'n paar vlieë in die lokvalle kry, is daar nie 'n probleem nie. Die vlieë wat jy vang, maak egter net 5% van die totale bevolking uit.”

Die inligting uit die lokvalle word aan Obbes gestuur, wat weer die boere ingelig hou. “Só kan hulle sien waar daar uitskieters op hul grond is sodat hulle dadelik kan reageer.”

Hulle is tans ook besig om Keyface in werking te stel. Dit is 'n selfoontoepassing

‘Ons wil graag ons bedryf bemark as 'n gebiedsweye beheergebied, waar ons vrugtevlieë vasvat en vroegtydig optree.’

KYK NA HIGIËNE IN BLOKKE

Die Oranjerivierstreek se vrugtevliegtellings het vroeg in Mei 'n hoogtepunt bereik en daarna begin daal namate die koue ingetree het, sê mnr. Wiebe Obbes, gebiedsbestuurder by FruitFly Africa.

“As jy in die wingerd rondbeweeg, sien jy dikwels einde Mei nog groot natrosse in die blokke, wat kos is vir die vlieë, al is die seisoen verby. Mense dink vrugtevlieë vrek in die winter, maar eintlik gaan soek hulle net 'n alternatiewe voedingsbron, soos in huistuine.”

Mnr. Stefan Jordaan van Raisins SA sê die ná-oesbevolking van vrugtevlieë kan opbou, wat beteken dat tellings in die volgende produksieseisoen somer baie hoog begin, veral as die winter nie koud genoeg was nie.

“Dit is hoekom boordigiëne so belangrik is. Verwyder die natrossies en vrot vrugte in huistuine.”

Nog gevaarpunte waar vrugtevlieëbevolkings gedy, is fabriekaflope, verdampingspanne en stilstaande water.

“Ons grootste taak is om boere van die risiko's bewus te maak.”

waarmee die inligting vinniger ingesamel en deurgestuurd kan word.

Aangesien die lugbespattings nog 'n nuutjie in die rosyntjiebedryf is, maak hulle staat op tafeldruive se historiese waardes en grafieke, wat sedert 2017 bygehou word.

“Sodra die kurwe opwaarts beweeg, probeer ons dit vang, want dit is makliker om 'n kleiner bevolking te bekamp as om teen ▶



◀ 'n oormag te probeer baklei," sê Obbes. Gewoonlik bespat die tafeldruifbedryf net voor oestyd en die rosyntjebedryf het vanjaar 'n paar weke daarna bespat.

ORGANIESE MIDDEL

Hulle bespat met GF-120, 'n organiese middel sonder 'n onthoudingstydperk. Dit is spesifiek ontwikkel vir die bestryding van vlieë en het nie 'n invloed op ander insekte, soos biologiese roofinsekte of bye nie. Dit het 'n proteïenbasis wat as lokmiddel vir die vlieë dien, en spinosad as die aktiewe bestanddeel wat die vlieë laat vrek. Vir lugtoediening word een liter GF-120 met een liter water gemeng en vanaf 'n hoogte van 30-40 m gespuit.

"Kalibrasie is baie belangrik voor ons begin spat. Ons span lang linte en laat die helikopter 'n keer of wat daarvoor vlieg om die druppelgrootte en -verspreiding na te gaan."

Hulle volg ook streng riglyne oor bespattings. "Ons hou op bespat wanneer die temperatuur 30 °C of die windspoed 15 km per uur bereik," sê Jordaan.

Hoewel die produketiket aanbeveel dat G-120 weekliks toegedien word as daar probleme met vrugtevlieë is, is dit nie tans moontlik met lugbespattings nie. Die Nasionale Landboubemarkingsraad, wat die heffing vir die gebiedsweye bekamping moes goedkeur, het vir die eerste jaar twee bespattings, vanjaar drie en in 2022 en 2023 vier bespattings elk bekragtig. Dit is belangrik dat die hele reeks voltooi word, om elke nuwe volwasse geslag "pak te gee".

"Ek reken ons sal by vier lugbespattings volstaan tot ons beter data oor die skade het, maar ek meen ook met goeie boordsanitasie en -praktyke sal jy in elk geval die behandelings mettertyd kan verminder." (Lees die **KASSIE** "Kyk na higiëne in blokke" op bl. 33.)



Kalibrasie is uiters belangrik om die regte druppelgrootte en -verspreiding te verseker.

VAN WÊRELDSTANDAARD

Die projek word gefinansier deur 'n statutêre tarief van 7c/kg wat op gelewerde rosyne by verpakkings gehêf word. Dit het die twee bespattings en monitoring geded.

"Die departement van landbou, grondherworing en landelike ontwikkeling het toe 20 000 liter GF-120 geskenk vir die Oranjeriviergebied, wat beteken het ons kon wyndruiwe ook bespat en die hele gebied bedek," sê Jordaan.

Ná afloop van die produksiejaar was boere vol vroe oor die sukses van die bespattings. "Hoe laer die vrugtevlieëbevolking is, hoe

Reg vir aksie. Van links is mnr. André Oberholzer van Oberholzer en Seuns-boerdery, Willem van Aarde en Pieter du Plessis, albei van die Karsten-boerdery, Nando Baard, bestuurder van FruitFly Africa, Ferdie Botha van Raisins SA, Wiebe Obbes van FruitFly Africa en Stefan Jordaan van Raisins SA.

beter is dit natuurlik. Ons het vanjaar baie reën gehad. Die tellings was dus hoër as in die vorige jaar. As ons egter nie bespat het nie, sou dit nóg hoër gewees het."

Obbes sê hul ideaal is om die gebied vry van vrugtevlieë te verklaar, maar dit sal onder meer algehele boordsanitasie van ál die bedrywe in die omgewing verg. Die granaat-, dadel- en pekanneutbedryf sal ook aan gebiedsweye voorkomingsprogramme moet deelneem, en dit sal gesinchroniseer moet word met elke bedryf se spitsproduksietyd.

"Dán kan jy dit in 'n groot mate bekamp."

Jordaan sê Suid-Afrika se vrugtevlieëbekampingsprogramme vergelyk goed met dié van ander lande.

"Ons het beslis 'n probleem, maar ons is op standaard wat bekamping betref." **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Stefan Jordaan. e-pos: stefanj@raisinsa.co.za, 054 495 0283.

KAN ONTWRIGTING VAN PARING HELP?

Die steriele insektegniek (SIT), waarvolgens groot getalle steriele mannetjies in 'n gebied losgelaat word om met die wyfies te paar en 'n dalende nageslag tot gevolg het, is in die vooruitsig vir die Benede-Oranjeriviergebied.

"SIT kan net toegepas word as 'n gebied se bevolking in bedwang is, anders gaan die steriele vlieë nie 'n impak maak nie.

Ons moet dus eers gebiedsweye bekamping onder die knie kry voor ons SIT oorweeg," sê mnr. Stefan Jordaan van Raisins SA.

SIT, 'n natuurvriendelike bestuursmetode, word met groot sukses by onder meer Stellenbosch, die Paarl en Ceres toegepas.

"Ons beoog tans 'n lokaal waar ons steriele papies uit die Boland kan uitbroei om hier te gebruik. SIT is 'n groot droom vir ons. As ons dit kan regkry, sal ons regtig vordering kan maak."